
Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, January 17, 2021
Page: 16

■ Die SMS-nommer is per ongeluk nie verlede Sondag by die blokraai gepubliseer nie. Daarom gee ons jou nog 'n kans om die antwoord in te stuur. SMS die woord BLOK gevolg deur verlede week se antwoord na 34581. Die wenner sal dan saam met hierdie week se wenner aangekondig word.

Nico van Gijsen



Raad met jou rande



# Boedel waarin taks nie bestaan

## Erfgename betaal nie doodsbelasting nie

Verlede week se rubriek oor belasting in 'n huwelik binne gemeenskap van goed het gehandel oor inkomstebelasting. Vandag kyk ek na belastings by dood in sulke huwelike.

Maar eers, een van die vele vrae wat ek van lesers gekry het. Wat is die belastingimplikasies vir 'n erfgenaam? Met ander woorde: Jy erf bates uit 'n boedel, hoe raak belasting jou?

Ek wil amper sê, dit raak jou nie. Erfgename betaal nie doodsbelasting nie, jy erf 'n bate nadat die belasting betaal is. Maar dit sou net in die algemeen, of in die meeste gevalle, waar wees. Dit raak vreeslik tegnies en daarom is daar etlike belastingslaggate en dit is hoekom ek so klem lê daarop dat lesers kundige raad moet kry met hul finansiële beplanning en die opstel van hul testamente.

### Die belastingtameletjies

In die algemeen word belasting gehef in die boedel van die oorledene. Die oorledene se boedel moet instaan vir byvoorbeeld uitstaande inkomstebelasting, vir kapitaalwinsbelasting (KWB) en boedelbelasting as dit ter sprake is.

In die geval van bemakings aan 'n langslewende gade, of aan iemand met wie die oorledene in 'n langtermynverhouding was wat bedoel was om permanent te wees, is geen KWB of boedelbelasting betaalbaar nie. Dit kom eers in aanmerking by die sterfte van die langslewende gade (meer hieroor dalk op 'n ander dag).

Uitgesonderd hierdie belastings, ontvang die erfgenaam sy erfbates vry van belasting. So byvoorbeeld is daar ook nie hereregte betaalbaar op eiendom wat oorgedra word uit 'n boedel nie. Dis as dit bemaak word; as dit gekoop word uit die boedel is dit wel onderhewig aan hereregte.

Uitsonderings op die algemene reël is byvoorbeeld boedelbelasting betaalbaar op 'n polis wat buite die boedel uitbetaal. In dié geval moet die begunstigde instaan vir die boedelbelasting wat deur die polis getrek word. Dit is 'n tameletjie op sy eie, want die berekening word gedoen op 'n pro rata-verdeling van die belasting, wat kan beteken dat erfgename kan moet instaan vir boedelbelasting wat deur die polis getrek word. En dit kan lei tot 'n kontanttekort en sommer prontuit gesê, minder geld vir die erfgename.

Daar is vele ander belasting-haakplekke ook. Soos geskenkbelasting wat sy kop kan uitsteek by gesamentlike testamente en boedelsamesmelting. En boedelbelasting kan ter sprake kom met bemakings aan 'n langslewende gade, sou daar 'n voorwaarde aan die bemaking gekoppel wees, byvoorbeeld om te sê, "my vrou erf my strandhuis, maar sy moet 'n (sekere) bedrag aan my broer betaal".

### Binne gemeenskap

Goed, dis wat die erfbate en belasting aanbetref, wat nou? Nou val daardie bate in die gemeenskaplike boedel. As dit geld is en die geld word belê, is die opbrengs op die belegging vatbaar vir inkomstebelasting vir albei, soos ek verlede week hier geskryf het. Tensy die bate spesifiek uitgesluit is van die regsgevolge van 'n huwelik binne gemeenskap van goed. En tweedens ook, mits ook die opbrengs uit die bemaking uitgesluit is.

Dis dalk 'n bietjie van 'n bekvol oor erfbates, maar kom ons kyk nou hoe raak belastings jou by dood as jy binne gemeenskap van goed getroud is.

Soos ek verlede week hier gesê het, in huwelike binne gemeenskap van goed is daar net een gemeenskaplike boedel, wat julle elkeen om die helfte besit - sonder dat jy kan sê watter helfte is joune en watter helfte is syne.

By dood word die hele boedel dus beredder as een boedel (en die eksekuteursgeld word op die totale boedelwaarde beredder, onthou dit). Jy kan enigiets in die gemeenskaplike boedel bemaak aan wie jy wil, dit is jou goeie reg en niemand kan dit van jou wegneem nie. Maar net die helfte daarvan. Die helfte van alles. Terloops, aan vroue wat dink hulle kan nie hul testament verander as hulle 'n gesamentlike testament met hul man opgestel het nie, jy kan. En jy hoef nie jou man daarvan te vertel nie. Ek los dit maar daar, ek weet wat daar buite aangaan. Vroue is nie naastenby so "gelyk" as wat die reg voorhou nie.

Terug by die punt. Bemakings aan jou man of vrou is aftrekbaar vir boedelbelasting soos ek hierbo noem. En die KWB-verpligting op bates soos eiendom en aandele gaan eenvoudig oor na die langslewende gade, wat daardie bates erf.

Dit wat jy bemaak aan iemand anders as 'n langslewende gade, byvoorbeeld kinders, is nie aftrekbaar nie. In die geval sal jou boedelbelastingkorting van R3,5 miljoen kan help om die boedelbelastingplig bietjie minder te maak. Indien jy wel alles aan 'n langslewende gade bemaak, "erf" daardie gade ook jou R3,5 miljoen-korting en het hy of sy dan 'n korting van R7 miljoen vir boedelbelasting.

Wat van 'n bemaking aan 'n trust? Dit is nie aftrekbaar vir boedelbelasting nie. Dit kan wel aftrekbaar wees tot die mate waarin die bemaking uitsluitlik tot voordeel van die langslewende gade gedoen word.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.